

30 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:14-21
Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:16

Die Here verhoor ons gebede

Net soos wat Johannes in hierdie brief daarvan getuig, is dit vir my en jou 'n sekerheid: die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. Die Here verhoor ons gebede wanneer ons iets *volgens sy wil* vra. Om iets *volgens sy wil* te vra, beteken veral om te vra na dit wat vir sy koninkryk belangrik is. En, soos ons Here Jesus ons leer, word ons gebede verhoor wanneer ons vra dat nie ons wil nie, maar die Here se wil geskied.

Een van die belangrike sake in die koninkryk van die Here is dat diegene wat deur sonde besig is om van die Here af weg te dryf, weer teruggebring moet word. Hy is immers die goeie Herder wat in liefde omsien na sy skape en elkeen terugbring wat verlore geraak het.

Daarom leer die Here ons in hierdie gedeelte om hartgrondig en met vrymoedigheid te bid vir elkeen wat op een of ander manier in sonde geval het. Sonde bring verwydering met God. Sonde laat jou wegdryf van Hom af. Maar vir alle sondes (behalwe lastering teen die Heilige Gees – wat tot die dood lei) het ons Here Jesus die prys volledig betaal. Hy het dit moontlik gemaak om deur vergifnis weer één te wees met God.

En dit is waarvoor ons bid wanneer ons mekaar aan die Here opdra. Ons het almal sonde. Ons oortree almal elke dag. Maar ons glo dat ons Here Jesus in ons plek die straf daarvoor by God gedra het. Daarom hou ons nie op om vir mekaar te bid nie, want ons weet en glo: ten spyte van ons sonde en swakheid tree sy Seun vir ons in, pleit sy Gees vir ons. Só maak Hy ons weer één met Hom.

Bid daarom vir jou medegelowiges. Bid veral vir diegene wat deur sonde besig is om van die Here af weg te dryf. En weet: die Here hoor jou gebed. In liefde en deernis verhoor Hy elke gebed waarin jy volgens sy wil iets van Hom vra.

Sing: Skrifberyming 14-1:3 Dr. EJ Smit (Vanderbijlpark Trinitas)